



Trust vir elke kind skep dalk probleme

Moenie sommer enigiemand se raad oor die oprigting van trusts volg as jy nie doodseker is wat die implikasies ten opsigte van die gebruik en beheer van bates en belasting is nie.

'n **B**oer vertel nou die dag dat hy vir elkeen van sy twee kinders 'n trust geskep het. Die bedoeling, lyk dit my, is dat die twee kinders se erfposisie ná sy oorlye in hul onderskeie trusts gaan beland.

Ek kon nie mooi peil wat die rede daarvoor is nie, want die boer self is duidelik nie ten volle daarvoor ingelig nie. Maar dit is 'n "eerlike ou", was die gerusstelling.

Nou ja, ek het nog altyd 'n probleem gehad om te onderskei tussen iemand wat geld verloor weens 'n ander se oneerlikheid, of om geld te verloor weens die onkunde van 'n "eerlike ou".

Hoe ook al, daar is ook 'n derde trust. Dié een word eenkant gehou met die bedoeling dat die plaas op 'n dag daarin moet beland. Maar eers erf sy vrou, met wie hy binne gemeenskap van goedere getroud is, al die bates, die plaas ingesluit. Sy moet by haar afsterwe die plaas aan dié trust bemaak en dié trust moet dan die inkomste verdeel tussen trusts nommer een en nommer twee vir die onderskeie kinders.

Daar is ook 'n vierde en 'n vyfde trust. Dié twee trusts hou ander eiendomme. Nie die boer óf sy prokureur óf sy ouditeur kon sê hoe die eiendom in die trusts beland het nie. Is dit deur die trust gekoop? Nee, want die trust het nie sy eie geld nie en daar is geen rekord van 'n leningsrekening nie. Is dit geskenk? Nee, daar is geen rekord van 'n skenkingsakte of enige verklaring aan die Ontvanger van Inkomste oor 'n skenking en die betaling van skenkingsbelasting nie. Hier wag 'n lelike verrassing, dalk selfs 'n bedrogklag.

Kom ons kyk na enkele ander belangrike kwessies.

Eerstens is daar die bemaking van die plaas aan sy vrou. Ek vermoed dit is gedoen met so 'n klein bietjie kennis van boedelbelasting. Bates wat na 'n gade vererf, is vrygestel van boedelbelasting. As die langlewende sterf, is boedelbelasting egter betaalbaar. Daar is dus nie werklik sprake van 'n vrystelling nie, eerder 'n uitstel van boedelbelasting.

Die Wet op die Onderverdeling van Land-

bougrond (Wet 70 van 1970) sou 'n invloed op die besluit kon hê, want die wet sê landbougrond mag nie onderverdeel word sonder goedkeuring van die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye nie. En weens die werking van die Wet op Huweliksgoedere (Wet 88 van 1984) besit die gade reeds die helfte van die plaas. Die boer sou sy deel dus kwalik anders kon bemaak (dit is nie onmoontlik nie, net moeiliker) as die vrou nie ingestem het nie.

Ek sou dink die egpaar kon 'n gesamentlike testament opstel met boedelsamesmelting in soverre dit hul onderskeie 50%-aandeel in die plaas betref en dan die plaas aan die trust bemaak, met 'n inkomsteklausule ten gunste van die vrou. Dán sou daar op 'n groot deel van die waarde 'n boedelbelastingaftrekking gegeld het, asook 'n verminderde kapitaalwinstbelasting, sonder dat die plaas eers in haar boedel beland.

Dit is 'n ope vraag of die kind nie in elk geval die bates vir hom- of haarself kan opeis nie.

Soos sake nou staan, verhoog die waarde vir boedel- én kapitaalwinstbelasting vir die langlewende. Daarbenewens is die langlewende nie verplig om die plaas na die trust toe te laat vererf nie.

Maar kom ons sê alles werk toevallig uit soos beplan is en die boer sterf, sy vrou erf die plaas en sy hou haar woord en bemaak die plaas aan die trust (ná al die ekstra belasting betaal is). Dié trust is dan verplig om die inkomste uit te deel aan die twee "kinder-trusts".

Ek vermoed die doel met die "kinder-trusts" is om die bate uit die boedels van die kinders te hou. Maar wat sê die wet? Die Wet op die Beheer van Trustgoed (Wet 57 van 1988) beskryf (kortliks) die vereistes van 'n geldige trust as die oormaak van eiendom deur die trustee, om mee te handel volgens die doel-

witte van die trust-instrument, of (b) aan die trustbegunstigdes, welke eiendom onder die beheer van 'n ander persoon, die trustee, geplaaas word.

Volgens die eerste definisie besit die trustee die bate en het hy of sy 'n diskresie daarvoor. Beperk jy die diskresie, verloor die trust sy waarde as trustinstrument. Daarom sal ek nie sommer 'n trust vir elke kind aanbeveel nie. Die groot voordeel van 'n trust is juis dat die bate nie aan die begunstigde behoort nie, so as elkeen sy eie trust het, gaan hy moeilik verduidelik dat hy nie die de facto-eienaar van die bate is nie en dan verloor hy die beskerming van die trust. Dit kan aangeval word deur skuldeisers, kwaai eks-eggenotes en Jan Taks.

Volgens die tweede definisie verkeer die bate in elk geval in gevaar omdat die bate self (die besit daarvan) nie aan die trustee oorgegee is nie, maar slegs die beheer daarvoor. Dit is 'n ope vraag of die kind nie in elk geval die bates vir hom- of haarself kan opeis nie. As dit in elk geval myne is, hoekom moet 'n ander mens beheer daarvoor hê? En met die dat kinders nou al op 18-jarige ouderdom as volwassenes beskou word, is dit iets om aan te dink. (Ek dink hier kom in elk geval nog 'n paar interessante hofsake).

Ek probeer hoogs tegniese goed in verstaanbare taal verduidelik. Hopelik maak dit sin. Indien nie, onthou dan net: Boedelbeplanning gaan oor meer as boedelbelasting en 'n spul trusts.

Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkteverreker verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.

Navrae: Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314. E-pos: nico@finlac.com